

# Die towerkuns en misterie van bome

Deur Jen Green

## Bome en die Planeet

THINK
DIGITAL ACADEMY




Bome is noodsaaklik vir elke enkele persoon op die planeet. Hulle hou die aarde koel en klam, wat dit 'n lekker plek maak om te woon. Bome hou daarvan om water op te suig - maar moenie bekommerd wees nie, hulle is bereid om dit met die res van ons te deel. Hulle help selfs om die wolke te skep. Hierdie proses word die watersiklus genoem.



# Die watersiklus

Water beweeg tussen die see, lug en land in 'n onophoudelike siklus wat die watersiklus genoem word. Bome speel 'n baie belangrike rol hierin. Deur reënwater terug in die lug vry te stel en water deur hul wortels te absorbeer, keer hulle dat reën reguit terug in die see vloei.







## Verdamping

Water styg uit die see as 'n gas wat waterdamping genoem word.

## Kondensasie

Hoog in die lug vorm die waterdamp van die bome in wolke.


Neerslag
wanneer wolke oor hoë gebiede soos berge dryf, water val dan as reën of sneeu.
Kondensasie
Verdamping
Neerslag
Blare vang reën en gee ekstra vog af wat die boom nie nodig het nie as waterdamp.
Versameling


Versameling
Die water vloei terug af na ondergrond.
Versameling
Enige reën wat die bome nie absorbeer nie, trek in die grond in of loop in riviere af.
Verdamping
Neerslag
Versameling

Woude help om die lug rondom die Aarde af te koel. Die planeet is reeds warmer as wat dit behoort te wees, maar sonder bome sou dit selfs meer verhit.



# Bome in Gevaar



Regoor die wêreld kap mense bome af of gebruik die grond onder die woude. Stadig maar seker word selfs uitgestrekte woude soos die Amasone al kleiner. Ons beskadig ook bome deur besoedeling te versprei. Ons moet meer sorg vir ons kosbare woude.



## Hoekom verdwyn woude?



Mense kap bome af vir hout en ook om houtvure aan te steek om warm te bly en om te kook. Ons maak bosgrond skoon om nuwe paaie en stede te bou, en om plek te maak vir nuwe plase en boerdery, waar ons beeste grootmaak en gewasse groei.





# Verlore huise

**Wanneer die houtkappers intrek, vul die tjank van kettingsae die lug. Magtige bome stort neer. Houtstompe word op vragmotors gelaai. Op die ou einde is al wat oorbly gebreekte stompe. Diere soos voëls en takbokke hardloop vir hul lewe en word het nêrens om te bly nie. Dit word habitat vernietiging genoem.**





## Effekte

**Bome se wortels hou die grond bymekaar. Sonder bome sou die vloei van reën vertraag en die grond sou die water op suig en die bos se grond in riviere in spoel. Uiteindelik sou die hele gebied droër word en boere sal dit moeiliker vind om gewasse te groei.**





## Besoedeling

**Motors, fabrieke en kragsentrales in verre stede kan bome beskadig. Hulle gee rook en dampe af wat op die wind dryf om ver afgeleeë woude te besoedel. Die besoedeling laat bome hul blare verloor en dit lei dat die bome siek word en uiteindelik vrek.**





Helpende bome

Bome verdien ons liefde en bekommernisse. Hulle doen immers baie om ons wêreld gesond te hou. Op sy beurt is dit aan ons almal om beter vir die wêreld se bome te sorg. Ons kan herwonne papier gebruik, of selfs 'n boom plant.



# Plant 'n Boom

Maak plek in jou tuin, park of ander oop ruimte vir 'n splinter nuwe boom. Koop 'n jong boom en maak 'n tuiste vir dit om te groei.



# Stap een: Grawe

Grawe 'n diep gat in die grond. Maak seker die gat is twee keer so breed as die wortels van die boom en dieselfde diepte. Verskillende bome hou van verskillende grond, maar die meeste hou van los, klam grond waar hul wortels kan groei.



# Stap Twee: Plant

Plant 'n boompie wat jy by 'n tuin sentrum gekoop het. Sit 'n stuk hout oor die grond rondom die bokant van die boom se wortels. Dit sal jou wys waar die wortels kom. Hulle moet net op grondvlak wees.



# Stap Drie: Vul

Skep grond in die gat en maak seker dit is nie te styf ingepak nie. Die boompie se wortels moet heeltemal bedek wees, maar met ruimte om te groei. Bind die drie aan 'n paal om dit te help staan in die wind.



# Stap vier: Water

Water jou boom om dit die beste kans te gee om te groei. Verwyder enige onkruid rondom dit en hou 'n oog vir plae. Oor twee tot drie jaar sal jy die paal kan verwyder en jou boom sal trots op sy eie staan.



Sommige woude, soos nasionale parke en reservate, word beskerm. Werkers wat bosbouers genoem word kyk na die bome en plant nuwes wanneer nodig is.




THINK
DIGITAL ACADEMY